

1 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 1
Fokusgedeelte: Matteus 1:18-23

Geen Nuwejaar sonder Kersfees!

Ons ken almal die strikvraag: Wat kom eerste – Nuwejaar of Kersfees? Al is daar maar minder as 'n week tussen Kersfees (2002) en Nuwejaar (2003), kom Nuwejaar eerstel! Maar Matteus 1:23 leer ons dat daar eintlik geen Nuwejaar vir die gelowige kan wees sonder Kersfees nie. Hoe dan so?

Aan die begin van 'n nuwe jaar, besef ons ons kleinheid en ons magteloosheid. Ons weet nie een wat 2003 vir ons inhou nie. Wat ons wel weet is dat dit ook minder goeie tye kan inhou, tye waarin ons beproef gaan word – dalk tot die uiterste toe beproef gaan word. Maar ons hoef nie bang te wees nie. Hoekom nie? Omdat dit so 'n rapsie meer as 2000 jaar gelede al Kersfees was! Toe is Jesus gebore: Hy wat ons van ons sondes sou verlos. Toe is Immanuel gebore: God by ons!

As God self by ons is, dan hoef ons nikks te vrees nie. Hy sal ons deur die lewe dra. Hy sal in al ons behoeftes voorsien. Hy sal ons staande hou teen alle aanslae. Hy kan, want Hy is almagtig. Hy wil, want Hy was dan selfs bereid om vir ons te sterf.

Die storms van die lewe kan maar kom. Immanuel is reeds gebore – God (is) by ons. Die jaar 2003 kan maar kom, want dit was alreeds Kersfees!

Sing: Psalm 18:13

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)